

# Saterdag 23 Januarie

Skrifgedeelte: Deuteronomium  
7:1-26

Fokusgedeelte: Deuteronomium  
7:6 (1933/53-vertaling)

## **God se verbond 'n troos en sekerheid vir ons toekoms**

'n Kind van God se toekomsvooruitsigte, gegrond op die verbondsbeloftes van God, is wonderlik. Vrees vir gebeure en omstandighede rondom ons kan egter die rus wat ons in die verbondsbeloftes vind en waarna ons smag, bedreig en vernietig.

Israel se vrese bedreig hulle vooruitsigte en rus in die beloofde land. God wys sy kinders in Deuteronomium 7 egter op die volgende: Sy liefde en vrye uitverkiesing is die grond van sy verbond. Hy het hulle sy eiendom gemaak, sy heilige skat, alhoewel hulle die geringste was (vs 6, 7). Hy is getrou aan sy verbond en lei hulle met 'n uitgestrekte hand as die Almagtige (vs 18, 19). Sy raadsplan en werk is ten goede vir sy kinders, al kan hulle dit dikwels nie omvat en verstaan nie (vs 21-23). God roep sy kinders tot gehoorsaamheid aan sy verbond en tot 'n lewe van heiligmaking (vs 25-26).

Ons kan onself dikwels gering ag as ons rondom ons kyk. As toekomsvrees ons geloofsvreugde bedreig, moet ons onthou dat God in Christus met ons 'n verbond gesluit het, nie op grond van wie of wat ons is of besig nie, maar uit sy vrye wil. Die Almagtige het ons gekoop met die kosbare bloed van sy Seun. Wat 'n geweldige troos, ons toekomsverwagting word nie bepaal deur wêreldomstandighede of selfs deur ons eie geringheid nie. Ons toekoms word bepaal deur God wat nie ontrou kan wees aan sy verbond nie. Ons word egter opgeroep tot gehoorsaamheid en tot 'n lewe van dankbaarheid.

*Sing: Psalm 45-1:1, 3, 4*

*Ds. HL Stavast (Henk) (Nylstroom)*